

**Gereformeerde Kerk
Potchefstroom
1863 - 1988**

Soli Deo Gloria

**Uitgegee deur die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
1989**



Voorwoord

Die Kerk is God se eiendom. Hy vergader, beskerm en onderhou die gemeente wat Hy vir Hom tot die ewige lewe uitverkiees het. Daarom is die geskiedenis van die Kerk ten diepste die getuigenis van God se genade en verbondstrou.

In die kerk gebruik Jesus Christus ook mense in sy diens. In die kerk leef en werk sondige mense met baie gebreke, maar mense wat ook deur God begenadig en toegerus word. Hy wat roep is getrou.

In hierdie feespublikasie word in woord en beeld iets weerspieël van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom oor 125 jaar. Dit is 'n geskiedenis wat ook so innig verweef is met die geskiedenis van die ander kerke in kerkverband, die Teologiese skool en die PU vir CHO. Van die mens se kant gesien blyk uit hierdie geskiedenis die worsteling, die gebrokenheid en sonde wat deel is van die strydende kerk. Van God se kant gesien is ook die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom die bevestiging van sy belofte dat selfs die poorte van die hel sy kerk nie sal oorweldig nie. Hy het ook sy gemeente hier bewaar en vermeerder. Hy het mense gebruik wat Hy geroep het en begenadig en toegerus het met die gawes van sy Gees.

Daarom is dit nie die bedoeling van hierdie publikasie om in mense te roem nie maar om die verbondstrou van God te besing en om kinderlik-gelowig te vra: "Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade?"

'n Woord van hartlike dank en waardering aan almal wat 'n bydrae gelewer het om van hierdie publikasie 'n blywende herinnering te maak aan 'n heerlike feesjaar in die bestaan van hierdie gemeente. Die redaksiekommissie vir die samestelling en die Van der Spoel-broers vir die uitleg en drukwerk van hoogstaande gehalte word ook van harte bedank. Broeder Natie van Vuuren het as voorsitter van die fees-en redaksiekommissie, met sy besondere gawes en talente, oor 'n tydperk van ruim twee jaar sy kragte gegee om van die feesvieringe 'n besondere hoogtepunt te maak. Die inhoud van hierdie publikasie is vir 'n groot deel die vrug van sy deeglike navorsing. Ons innige en opregte dank en gelukwensing aan broeder Natie.

Dit is ons bede dat hierdie feespublikasie die grootheid van God mag besing en 'n bydrae mag lewer om die huidige en toekomstige geslagte te besiel om in biddende afhanklikheid van God, Kerk te wees — huisgesin van God, gemeente van die lewende God, pilaar en grondslag van die waarheid. Aan Hom die eer tot in ewigheid.

Dr. C. F. C. Coetzee.



Inhoud

Voorwoord - dr. C. F. C. Coetzee	5
Redaksioneel	9
Belangrike datums in ons kerk se geskiedenis	10
Grepe uit die geskiedenis - dr. I. L. J. van Vuuren	12
Sendingwerk - prof. J. van der Elst	24
75-jarige feesviering	27
Feesnaweek: 29 April - 1 Mei 1988 - dr. I. L. J. van Vuuren	28
Die eerste kerkgebou - die Ou Kerkie - dr. I. L. J. van Vuuren	32
P. J. W. Schutte 1805 - 1873 - dr. I. L. J. van Vuuren	37
Dr. J. D. du Toit 1903 - 1911 - prof. V. E. d'Assonville	41
Ds. J. V. Coetzee 1891 - 1952 - dr. I. L. J. van Vuuren	47
'n Stem uit die gryse verlede - prof. P. W. Buys	49
Herinneringe uit die jare 1953 - 1966 - prof. P. W. Buys	52
Sewe oorvloedige jare - ds. F. J. Labuschagne	57
Die jare 1982 - 1988 - dr. C. F. C. Coetzee	61
Met die ossewa dorp toe vir Nagmaal - Chris Schutte	64
Herinneringe uit die jare veertig - Flippie Snyman	67
JV Gideon se eerste skredes - Flippie Snyman	69
Herinneringe - dr. Jan Schutte	70
Herinneringe van 'n student uit die jare twintig - ds. J. F. du Plooy	72
Herinneringe aan ds. J. V. Coetzee - Chris Schutte	73
'n Skriba onthou - Pieter Kilian	75
Enkele herinneringe - Sus van der Merwe	77
Statistiek oor dekades heen - 1872 - 1988	78
Fotobeeld	79



Redaksioneel

Die doel met hierdie feespublikasie is nie om 'n geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom aan te bied nie. Daar is eerder gekonsentreer op 'n verskeidenheid. Ons wou graag 'n beeld van die gemeente oor 'n tydperk van 'n eeu en 'n kwart gee. Die Here het mense en middele in 'n ruim mate aan hierdie kerk geskenk. Dit is die hoofindruk waaronder 'n mens kom as jy die dokumente lees. Daar was en is broeders en susters wat alles veil vir ons kerk gehad het en nog het. Kan ons ooit hiervoor dankbaar genoeg wees? Die begin was baie nederig en ons mense was arm, maar hulle was ryk in die geloof. Sal die komende geslagte dit ook van ons kan sê? 'n Dankbare geslag bring graag hulde aan predikante en lidmate, maar veral aan ons troue God van die verbond deur die geslagte (Psalm 90 : 1).

Die redaksie wil graag sy opregte dank teenoor diegene betuig wat hierdie publikasies moontlik gemaak het. Sonder die steun van die broeders Van der Spoel sou ons nie kon klaarkom nie. Verskeie persone het bydraes gelewer, sonder enige vergoeding. Baie dankie aan u almal.

Vreemd genoeg het die 100-jarige bestaan van ons gemeente in 1963 ongemerk verby gegaan! Vier jaar tevore is die eeufees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Rustenburg gevier. Met al hierdie feesvieringe het ons eie gemeente se belangrike mylpaal vergete geraak.

Die Ou Kerkie is vir ons gemeente 'n besonder belangrike skakel met die verlede. As gevolg van die feit dat enkele veranderinge aan die gebou aangebring is, kon dit nog nie tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar word nie. Tans ondersoek die kerkraad die moontlikheid om dié historiese gebou te restoureer. Elders in hierdie uitgawe vind u meer inligting oor hierdie oudste bestaande Gereformeerde kerk in Transvaal en een van die oudste in ons land.

Die feesnaweek van 30 April tot 1 Mei 1988 sal vir ons altyd 'n aangename herinnering bly. Ons was bevoorreg om drie oud-leraars en hul gades by ons te hê. Al drie het 'n belangrike aandeel aan ons feesverrigtinge gehad.

Die redigering van die meeste artikels en die keuse van die fotomateriaal was die verantwoordelikheid van die redakteur. Die drukwerk en uitlegwerk is gedoen deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk.

Die Redaksie:

Dr. I. L. J. van Vuuren

R. G. van der Spoel

Dr. A. J. van der Walt



Belangrike datums in ons Kerk se geskiedenis

- 1805 P. J. W. Schutte gebore.
- 1858 Ds. Dirk Postma hou eerste erediens in Transvaal op Schutte se plaas (7 Nov.).
- 1859 Lidmate uit ons geweste maak stigting van Gereformeerde Kerk mee op Rustenburg op 11 Februarie.
- 1863 Eerste kerkraadsvergadering op 17 April. Stigting van ons gemeente.
- 1863 - 76 Konsulentsbediening deur di. D. Postma, N. J. R. Swart en L. J. du Plessis.
- 1867 Eerste kerkgebou in gebruik geneem op 12 Januarie.
- 1873 P. J. W. Schutte oorlede op 9 Nov.
- 1877 Ds. J. L. Maury eerste predikant (oorlede 1911).
- 1878 Eerste pastorie gebou: Kerkstraat 28.
- 1890 Prof. D. Postma oorlede.
- 1890 Afstigting Heidelberg.
- 1893 Afstigting Lichtenburg.
- 1897 Tweede kerkgebou op 23 Jan. in gebruik geneem.
- 1903 Dr. J. D. du Toit tweede predikant (oorlede 1953).
- 1905 Oorplasing van Teologiese Skool van Burgersdorp na Potchefstroom.
- 1911 Ds. W. J. de Klerk derde predikant (oorlede 1943).
- 1920 Eerste pastorie gesloop en nuwe gebou.
- 1923 Ds. I. D. Kruger vierde predikant (oorlede 1965).
- 1927 Afstigting Ventersdorp en Klerksdorp.
- 1930 Ds. J. V. Coetzee vyfde predikant (oorlede 1952).
- 1938 Viering 75-jarige bestaan.
- 1944 Postma-familiefees.
- 1949 Afstigting Buffeldoorns en Potchefstroom-Noord.
- 1953 Ds. P. W. Buys sesde predikant.
- 1959 Derde kerkgebou in gebruik geneem op 2 Mei. Eufees Gereformeerde Kerke.
- 1960 Tweede kerkgebou gesloop gedurende April.
- 1961 Afstigting Potchefstroom-Suid.
- 1963 Ons kerk 100 jaar oud; geen viering!
- 1966 Ds. F. J. Labuschagne sewende predikant.
- 1967 Nuwe permanente pastorie in De Wetstraat 4.
- 1970 Afstigting Potchefstroom-Oos.
- 1974 Ds. W. F. Steenkamp agste predikant.
- 1982 Dr. C. F. C. Coetzee negende predikant.
- 1984 Ingebruikneming kerksaal en katkisasielokale.
- 1987 Eikelaan-Behuisingsentrum in gebruik geneem.
- 1988 Viering 125-jarige bestaan op 29 April — 1 Mei.